Laerskool Dr. Havinga

Waardegedrewe Innoverend Toekomsgerig

* Andries Pretoriusstraat 29, Witpoortjie, 1724 *Posbus 3010, Witbeeck, 1729* Tel: 011 769 1670*
Fax: 011 762 3493* www.drhavinga.co.za * admin@drhavinga.co.za*

6 Maart 2019

Geagte Ouers,

OMSENDBRIEF NR. 5 VAN 2019

I.S. KASKAR, BEHEERLIGGAAMVERKIESING, OUERAAND, ENS.

Verlede Vrydag se Wille Weste Visserfees (Kaskardag) was 'n groot sukses. Al was dit baie warm het die kinders die kaskarresies en speletjies baie geniet. Weereens wil ons al ons ouers bedank vir julle ondersteuning, donasies en harde werk. Ons het groot waardering vir julle mooi gesindheid teenoor ons skool. Baie dankie ook aan me Kies (organiseerder) en al die Havie personeel vir julle harde werk. Ek is baie trots om deel te wees van hierdie Havie Superhero-familie.

Soos u reeds weet word daar op Donderdag,14 Maart 2019 tydens die oueraand 'n tussenverkiesing gehou om een ouer op die Beheerliggaam te vervang. 'n Brief met die tye en prosedures sal volg.

Die oueraand begin reeds om 17:30 in die saal met 'n verkiesingsvergadering. Leerders se rapporte kan tussen 18:30 en 20:00 in die klasse afgehaal word. Rapporte wat nie afgehaal is nie word Vrydag, 15 Maart 2019 uitgedeel.

KENNISGEWING

Die skool sluit Vrydag, 15 Maart 2019 om 12:00 vir alle leerders. Ons heropen weer op Dinsdag, 2 April 2019.

Dit is met 'n hartseer in die hart dat ons vir me Deaudette Louw moet groet. Sy verhuis die vakansie Kaap toe. Me Louw is reeds vir baie jare 'n Havie en is ons Departementshoof Wiskunde en Tegnologie. Ons bedank haar vir alles wat sy vir ons gedoen het en bid haar Gods rykste seën toe op die nuwe lewenspad wat voorlê.

'n Lekker vakansie word alle Havies toegewens. Mag almal lekker rus. Wees veilig waar julle ook al mag gaan.

Haviegroete,

L C VISSER
HOOF

Die skool op almal se lippe!

Waardegedrewe, Innoverend, Toekomsgerig.